# Egbreuk

H G v d Westhuizen

Die omvang van die sewende gebod in die dekaloog behels soveel fasette wat deur nog soveel studies ondersoek is, dat ons ons vir die huidige tot slegs enkele sake rondom die tema egskeiding en hertrou wil beperk. Sommige van die gesigspunte rondom hierdie tema wat elders ter sprake gebring is,[1] sal ook nie volledige behandelinge geniet nie.

## Bybelse Gronde

Daar is 'n gedagtegang dat daar Bybelse gronde vir egskeiding is, en dat geskeides op daardie gronde weer met ander kan hertrou.[2] Myns insiens moet ons egter oor hierdie sogenaamde Bybelse gronde[3] baie versigtig oordeel.

## Relativering

Ons leef in 'n tyd waar egskeidings binne en buite ons land, binne en buite die kerk, net één koers op die grafiek ken: onbeheersd opwaarts! Ook op die menigte onderskeibare faktore wat hiertoe aanleiding gee, gaan ons nie hier in nie. Wel wil ons na een faktor 'n bietjie kyk omdat dit onderliggend is aan die meeste van die ander faktore. Dit is die relativering van die huwelik.

In hierdie opsig sal drie voorbeelde bespreek word: vrye seks, swart seks en sondige seks – nie dat eersgenoemde twee nie ook sondige seks is nie!

## Vrye Seks

Die vrye seks vind sy opgang onder die vaandels van mondigheid van die mens om self te besluit wat vir hom goed is en wat hy wil doen, sonder om hom te laat normeer deur 'n God wat dood is, en die emansiepasie van die vrou. Die vrou sou volgens Heinrich von Nettesheim (al gesê in 1509), die mees superieure in die skepping wees.[4] Die mondigheid van die mens en die superioriteit van die vrou vind as opvattings vaartbelyning wanneer ook die sewende gebod verkleineer word. Dit is wel waar dat die kerk hom baie bekommer het oor die oortreding van die sewende gebod, terwyl toenemende militarisme (oortreding van die sesde gebod), materialisme (agste gebod), ens. mindere aandag gekry het. Tog moet ons nie daarom die sewende gebod verkleineer nie, maar wel die ander ge-

booie ernstiger neem! Om ongetroudes wat in verantwoordelikheid met mekaar as man en vrou saamwoon te aanvaar,[5] druis in teen die Christelike huweliksbeskouing (Joh 4:18; 1 Kor 7:9; 1 Tim 4:3). Maar vandag propageer selfs teoloë dit dat Josef slegs teen Potifar se attensies was omdat dit "unfair" teen "madame Potifar" se man sou wees. So ook dat Dawid se sonde met Batseba slegs geleë is in sy "unfair handel(d)e tegenover zijn medemens Uria".[6]

Vrye seks word gebaseer in jou vrywillige optrede aan die hand van die vraag: "in hoeverre ga je fair met een ander om? Niet: overtreed je de regels? Maar: doe je die ander schade en verlaag je jezelf?"[7]

Die "moderne" teologiese redenasiewyse ten grondslag van vrye seks kom daarop neer dat terwyl seks 'n skeppingsmatige verskynsel is wat die mens as iets goeds, goed moet geniet, moet die mens self die norm vir "goed geniet" vasstel aan die hand van 'n basiese dissipline met die oog op skadeloosheid teenoor die betrokke individue. Vroeër sou die model ter implementering van hierdie saak as sodanig, die huwelik gewees het. Vandag kan die model dalk (ook) iets anders wees, byvoorbeeld promiskuïteit, kommunale bestaan en ook die "outydse model" – huwelikseenheid.[8] Geen wonder dat "onder studente en skoliere in Europa ... Descartes se welbekende gesegde tot die volgende verander (word): coito, ergo sum.[9]

## Swart Seks

Swart seks bewys egter dat daar vir baie eeue voor die modernistiese seksmodelle al gedissiplineerde (wettige) sekskanalisering was, en wel vóór die huwelik, binne die huwelik (poligamie), naas die huwelik (wanneer die vrou soog) en ná die huwelik (nadoods, leviraatshuwelik).[10]

Met swart seks word die tradisionele seksuele moraal van die swartmense van Afrika bedoel. Tradisioneel speel seks by die Afrikaan 'n kosmologiese rol en daarom word die dissipline van hulle seks nie vasgestel op morele deugdelikhede nie maar aan die hand van wat magiese krag kan opwek ten gunste van die skakelplek in die ketting van sosiale bestaan (ekonomiese voorspoed ook) en die voortbestaan van die geslag. "Enige gedrag wat as skadelik vir die voortplantingsvermoë van 'n man of 'n vrou beskou is, is dus immoreel."[11] "Die huwelik is dus eerder die legitimasie van ouerskap as wat dit van seksuele omgang is."[12]

Dit is dus duidelik dat die heidendom van Afrika wel vele seksmodelle het, terwyl die huwelik as sodanig geensins die enigste model van seksuele kanalisering is nie. Vir sover hierdie heidense beskouing neerslag sou vind onder dissipline-geëmansipeerde modernelinge, is die toekoms van huwelike duister.

## Sondige Seks

Beide vrye seks, en swart seks in sekere opsigte, is sondige seks. Maar met laasgenoemde wil ons die aandag spesifiek vestig op die seksuele verwording rondom die huwelik vanweë die sondeval. Dat seks as iets goeds vir die goeie skepping in die paradyshuwelik bedoel is, hoef ons nie te betwis nie. Maar ná die sondeval, het die sondegevolg in die huweliksgemeenskap tussen man en vrou ingetas. Die huwelik wat vir veel meer as seks bedoel was, byvoorbeeld wedersydse hulp, voortplanting, ens., het veels te klein vir seks geword. Terwyl die huwelikspaar uit die Paradys gedryf is, het seks buite die huwelik heengegryp en 'n blote geslagtelike saak soos by diere geword. Dis die verdierliking van die huwelik.

Die heengrype van seks buite die huwelik om, en die kwaadaardigheid daarvan selfs binne die huwelik, word omvangryk in die Bybel aan ons voorgehou. Verskynsels soos disharmonie in die seksuele verhouding tussen man en vrou in die huwelik, owerspel, pedofilie, hoerery (ontug), homofilie, poligamie, poliandrie, ens., is sondeverskynsels.

Daarom moet ons eerstens vra hoe die huwelik oorspronklik was. Verder hoe die huwelik deur die sonde getref is. En laastens hoe die verlossing in Christus die huwelik raak.

## Die Skepping

God het die huwelik onder andere as enigste seksmodel gefundeer en genormeer in die skeppingsdaad self (Gen 2:18; 21–24; Huweliksformulier). die henosis (huwelikseenheid), wat seks, paslike hulp, gemeensaamheid en voortplanting (Gen 1:27; 2:18, 23) insluit, is 'n skeppingsdaad vir een man en een vrou. In hierdie henosis is skeppingsmatig twee dinge baie duidelik vasgelê. Die wese van die vrou as mens en die posisie van die mens as vrou. Die wese van die vrou as mens is nie minder as dié van die man nie. Sy is uit die man geneem (Gen 2:23). Daar is selfs betoog dat die komposisie van die Genesis-literatuur in hoofstuk 2, aandui dat die vrou die man se meerdere is. Daar is 'n opgaande lyn in die skeppingsverhaal. God gaan van laer na hoër. Elke volgende skepping is superieur aan die voorafgaande. Soos die man hoër is as die stof waaruit hy gemaak is, só sou die vrou hoër wees as die basis van haar skepping – naamlik die man.[13]

Hierdie literatuurkundige komposisionele vasstelling, hou egter nie rekening met alle ander perspektiewe wat ook hier ter sprake is nie. Daar is byvoorbeeld ander komposisionele lyne ook te vind in die skeppingsverhaal. Hoewel daar 'n stygende skeppingslyn is, gaan hierdie lyn nie reglynig op vanaf die man na die vrou nie. Hulle word as één skepping gesien, beide en saam is hulle na die beeld van

God. Die mannin was van dieselfde vlees en gebeente as die man. Sy was van sy soort soos elke ander skepping na sy eiesoortigheid was – die een soort hoër as die ander. Sy was nie hoër as hy nie. Daarby is die een soort nie ter wille van die ander soort (soos by man en vrou) geskep nie; en die mens is ook nie ter wille van die laere skepping nie – maar ter wille van God om te heers oor die laere skepping (Gen 1:26). Maar as die mannin geskep word is dit ter wille van die man (Gen 2:18). God se motief om haar te skep, is om sy skeppingskroon (die man), af te rond. Sy is die bekroning – hoër as die man – soos die kroon hoër as die koning is. Maar die kroon is nie die koning nie. Hierdie diensbaarheid aan die man het God self mens gemaak – 'n vrou. God se motief was 'n hulp aan die man (sy mindere) en afronding van Sy skepping (die man se meerdere). Daarom skep Hy hulle as wesensgelykes. Ook die Nuwe Testament sien nie die stygende skeppingslyn verder, van Adam na Eva nie. Maar juis andersom – dat Adam se eersgeskapenheid sy prioriteit bo Eva is. Sy is bykomstig (I Tim 2:12, 13). "De vrouw is de tegenhanger van de man"[14] Die Hebreeuse woord 'iššā (mannin) hou verband met swak wees. Sy is swak in vergelyking met haar man.

Hoewel die vrou as mens dus wesenlik aan die man gelyk is, is die mens as vrou se posisie sekondêr teenoor dié van die man. Sy is ter wille van die man.

## Sonde

Vanweë die sonde het die harmonie van 'n posisionele meerdere-mindere, omgeslaan in 'n wesenlike disharmonie van eienaar-eiendom. Die man het sy vrou as wesensminderwaardig beskou en behandel. Dink maar hier aan die uitsprake van Aristoteles, Tertullianes, Thomas van Aquino, die Sjinese, die Rabbyne, ens. oor die vrou.[15]

Vanweë die sonde het Israel ook hulle posisie as uitverkore uit die ander volke, uitgebuit deur te bepaal dat byvoorbeeld egbreuk met 'n Israelitiese vrou strafbaar (selfs deur steniging tot die dood) is (Deut 22:22). Geslagsomgang met 'n vrou van 'n nie-Israeliet is egter strafvry, volgens die Talmoed.[16] Hierdie sondige voorkeure van manne bo vroue, here bo slawe en Jode bo Grieke, is in Christus beëindig (Gal 3:28).

Veelwywery soos dit in die Ou Testament eksemplaries beskryf word en die ander vorme, ook buite die Bybel, van nie-monogame huwelike, is alles sondevalprodukte.

Om egbreuk te pleeg (Nuwe Testament Grieks-moicheuein) is om in te gryp in God se reg vir die huwelik (Ex 20:14; Ps 51:6; Spr 2:16, 17).[17] Dis versteuring en ingrype in God se skepping self.[18] Om een huwelik te vernietig is so ernstig dat dit neerkom op die vernietiging van alle huwelike. God het één huwelik geskep. Dit is soos met die

skepping van één mens. Sou een mens vermoor word, is die mensdom as 't ware vermoor en daarom moet die moordenaar gedood word (Gen 9:6). God is in hierdie sin 'n een-mens God. Daarom ook is daar blydskap in die hemele oor één sondaar wat hom bekeer (Luk 15:10). Enige seksuele verbintenis buite die Bybelse huwelik, is huweliksvernietiging. Copulatio ohne Communio ist Hurerei.[19] Die emosioneel-georiënteerde seksuele verbintenis is die basis van vrye liefde. Die rasioneel-georiënteerde, seksuele verbintenis wil sekere huweliksverbintenisse verbied sodat slegs kwaliteit-mense geteel word, soos stamboek vee.[20] Die geloof moet egter ons oriënteer in die seksuele verbintenis. Die geloof, gegrond in die Bybel, het 'n geordende plek vir die emosionele en vir die rasionele, terwyl die emosionele en die rasionele as beslissende faktore nie voldoende plek het vir die geloof nie. Die geloof sê dat die seksuele slegs in 'n huweliksverbintenis gekanaliseer moet word. Sowel hart-lik en oog-lik as daad-lik (Matt 5:27, 28).

Die Kanaänities-matriargale natuurreligie wat 'n godsdienstige prostitusie (hoerery, pornē in die Septuagint) beoefen het, het ook by Israel ingedring.[21] Die ontrou van Israel teenoor God word dan ook vergelyk, omdat dit daarmee grootliks geïdentifiseer kon word, met hoerery (Hos 3:1v; 2:4v; 4:12v; Jer 5:7; 9:1v; 13:22–27; Eseg 16:32, 37; 23:37, 43, 45; Matt 12:39; 16:4; Mark 8:38). Daarom dat 'n hoerkind (baster) ook nie 'n verbondskind kan wees nie.[22]

Die seksuele oortreding van verbode grade van verwantskap, is net soos die algemeen verbode seksuele verbintenisse, as hoerery beskryf (Lev 18:6, 18; Hand 15:20, 29; I Kor 5:1).

Seks het vanweë die sonde 'n woekerplant geword wat die huwelik op allerlei wyse versmoor en verteer. En dit sal 'n besondere kenmerk tot op die jongste dag wees (Openb 2:14; 9:21; 18:3, 9; I Tim 4:3; II Tim 3:6). 'n Onbybelse emansipasie van die vrou, deels ook oorsaak van die breuk tussen seks en huwelik, kan met die nodige navorsing dalk nog aangetoon word as 'n faktor vir die hoë syfer van hartaanvalle by mans. Indien die verhouding tussen man en vrou nie reg is nie, het dit baie nadele (Spr 15:17; 17:1).

God se oordeel oor egbreuk is soos te verwagte dan ook duidelik en onverbiddelik. Dit word in die dekaloog verbied. God straf nie sonder dat Hy gewaarsku het nie! Op baie plekke in die Ou Testament word gesê dat God egbreuk haat (Mal 2:16). Ook in die Nuwe Testament is God se oordeel oor egskeiding en alle seksuele woekerplante, onverbloemd. Geen hoereerder het deel aan Gods koninkryk nie (I Kor 6:9; 10:21; Ef 5:5; Rom 1:18–32; Jak 4:4).

**Herskepping**

Nadat ons nou so enkele pentekeninge van sondige seks gegee het, naamlik egbreuk, wil ons oorgaan om die derde stadium van die hu-

weliksgeskiedenis kortliks aan te stip. Die eerste stadium was die Paradys-huwelik – soos God dit geskep het. Die tweede stadium, is die tydperk van die versondigde huwelik. Die derde stadium is die verlossing of herskepping van die huwelik deur Jesus Christus. Ons mag nie hier sê dat die gevolge van die verlossing van die huwelik eers in die hiernamaals gesmaak sal word nie. Want daar word nie getrou en in die huwelik uitgegee nie (Matt 22:30)! Die volle uitwerking van Jesus se verlossingswerk ten opsigte van my huwelik, moet ek hiér ervaar.

Die verlossingswerk van Christus het nog nie deurgedring tot alle mense nie. Dit meen egter nie dat ek nou 'n ongelowige of heiden kan vermoor of sy bestaan negeer nie. Inteendeel! Die gelowige het 'n taak ten opsigte van die ongelowige – so ook ten aansien van die huwelik van ongelowiges. Ek kan daardie huwelik nie vernietig of negeer nie – net omdat dit buite Christus en buite die geloof is nie (Rom 14:23). Alhoewel almal en alles wat buite Christus is, sondaars en sondig is, mag ek niemand en niks as sodanig vernietig of negeer nie – maar kersten. Die feit dat ons verlossing sy beslaggewing ook in ons huwelike moet kry, deur die kerstening daarvan, lê in Christus, die Verlosser, en in die Heilige Gees, wat my die verlossing deelagtig maak deur die Woord van God.

Daarom moet ons na die Woord van God luister om te sien wat Christus se optrede ten opsigte van egbreuk is.

Jesus se woorde oor die huwelik is radikaal omdat sy dade barmhartig is.[23] Omdat Jesus ons verlos en dus in staat stel om in die huwelik te kan leef soos Hy van ons verwag, verwag Hy van ons 'n herskepte huwelikslewe. Ons moet dus nie na die barmhartigheid van mense soek ten opsigte van die seksuele verbintenisse nie (soos vrye liefde, sogenaamde nie-God-gewilde huwelike,[24] egskeiding, hertrou, ens.). Ons moet in die verlossing van Christus leef. Dit is ware barmhartigheid.

Christus het oor die sonde heengegryp na die huwelikskepping sodat die vrou nie meer die eiendom van die man is nie (Deut 24:1), maar dat hulle weer eiendom van mekaar is (I Kor 7:4) en van Christus (Rom 7:4; I Kor 6:19, 20) – wesensgelyke huweliksgenote.[25] Die vrou is nie meer aan die man prysgegee nie maar aan hom toevertrou. Die man het nie meer die heersersreg oor haar nie, maar die verantwoordelikheid vir haar – in Christus.[26]

Omdat Christus deur die sonde heengryp na die skeppingsbedoeling van die huwelik en daarmee verlossend die sonde wegstoot van die huwelik af, stel Jesus volgens Markus 10:9; Matteus 19:6 en Paulus volgens I Korintiërs 7:10, die onverbreekbaarheid van die huwelik tot die dood toe.

Die positiewe van die sewende gebod is dus ook om uit dankbaarheid vir die verlossing die naaste lief te hê soos jouself. Die naaste om wie dit hier gaan, is die huweliksgenoot en die liefde waarom dit

hier gaan is die huweliksliefde. Egbreuk raak dus nie net die man en die vrou (en baie keer ander mans en vrouens) nie, maar uit hoofde van die ondankbaarheid teenoor God, óók God!

**Egskeiding**

Wat nou van Deuteronomium 24:1v, Matteus 5:32; 19:9 en I Korintiërs 7:10–15 waar wel die moontlikheid geopper word dat egskeiding kan plaasvind?

Jesus sê in Matteus 19:8 dat Moses nie die egskeiding gesanksioneer het in Deuteronomium 24 nie, maar die gevolg van die hartsverharding (sklērokardia) burgerlik gereël het. "Al wat nu Mozes in zijn qualiteit van burgerlijken wetgever had gereeld, was daarmee zedelijk nog niet gesanctioneerd. Dit is de betekenis van toelaten. Jezus stelt dus Mozes niet in gebreke, maar laat wel uitkomen, dat in zulk een regeling de oorspronkelijke eis Gods niet werd gehandhaafd. . . ."[27] Omdat Jesus Verlosser van sondaars is, gryp Hy nie terug op sondereëlings nie, maar op God se skepping waartoe Hy ons herskep. Deuteronomium 24 bied dus geen Bybelse grond vir egskeiding nie. Sowel die verkrampte skool van Sjammai wat onder "iets skandeliks" (Deut 24:1 'erwat dĕbar = LXX: aschēmon pragma = Matt 5:32: logos (Hebraïsme) porneias) iets moreels aanstootliks verstaan, as die verligte skool van Hillel wat daaronder tot selfs aangebrande kos verstaan,[28] is deur Jesus dus afgewys.

In Matteus 5:32 gaan Jesus in op die Joodse misbruik van 'n skeibriefpraktyk. Die skeibriefpraktyk (apostasion) wat deur Moses (Deut 24:1) as 'n burgerlike beskerming van die vrou toegelaat is, is naderhand al meer as 'n egbreuk-verskoning deur die Joodse man gebruik. Dán het hy homself geregverdig gesien. Nou sê Jesus egter dat skeibrief of te nie, die man is skuldig aan egbreuk: Hy dwing haar tot egbreuk. Sy is passief.[29] Hy is die skuldige. Jesus beskerm hier dus die vrou, maar nie die sonde nie.[30]

So sê Jesus ook in Matteus 19:9 dat die man wat 'n skeibrief gee, nie net indirek die skuld van sy vrou se egbreuk dra nie en deels ook dié van die ander man wat moontlik met haar trou nie, maar dat hyself direk egbreuk pleeg. Die man is alleen onskuldig aan egbreuk wanneer die skuld by sy vrou lê. Omdat sy nie soos die man maar net 'n skeibrief kon gee nie, kom alleen haar skuldigheid vanweë hoerery. Die man se onskuld aan egbreuk lê slegs in sy vrou se hoereskuld. Dán hoef hy haar nie 'n skeibrief te gee nie, maar oorgee aan die gereg.[31] Die man is dus, anders as wat die Fariseërs gedink het, in alle opsigte by egskeiding in die Joodse situasies, die skuldige – uitgesonderd as sy vrou 'n hoer is. Dan is sy self die skuldige.

Net in Matteus kry ons hierdie uitsonderingsklousule (parektos porneia, en mē epi porneia). Matteus se Joodse lesers weet baie goed wat porneia of hoerery is. Pornē wat oorspronklik die koop van 'n

slavinnetjie vir 'n hoerbedryf beteken in die Griekse wêreld,[32] was vir die Jode as hoerery: totale ontugtigheid (soos dié van die ontugtige vrou van Spreuke teenoor die deugsame vrou), tempelprostitusie, afgodery = ongeloof, en bloedskande. Hoere is die teenoorgesteldes van Fariseërs – uiterlik!

In I Korintiërs 7:15 val Paulus dus presies terug op die woorde van Jesus in die uitsonderingsklousules (Matt 5:32; 19:9). Maar omdat ongeloof hier by Paulus nie 'n gelaaide begrip (hoerery = voldonge egbreuk dus) is nie, maar betrekking het op 'n gewone nie-Christen, is daar vir die voortbestaan van die betrokke huwelik 'n moontlikheid. Slegs indien die ongelowige wil skei, en die gelowige dus nie die geleentheid gegee word van I Petrus 3:1 om die huweliksgenoot te probeer win nie, is die gelowige nie verslaaf tot onvrede nie; iets wat slegs sinvol sou wees indien die gelowige verseker was dat die ongelowige gewin sou word (v 16). Hierdie reëling van Paulus dat die geroepene, die gelowige, nie anders moet wandel as om op geen grond vir egskeiding aanspraak te kan maak nie, is 'n reëling vir al die gemeentes (v 17). Die huweliksband is dus so sterk dat waar dit reeds bestaan die verbod om nie in dieselfde juk as 'n ongelowige te trek nie (II Kor 6:14), nie ongekwalifiseerd van toepassing is nie. Op grond van genoemde verbod mag 'n gelowige nooit met 'n ongelowige trou nie; maar as hulle getroud is – soos dit op die sendingveld voorkom – het die gelowige nie grond om te skei nie.

Die argument dat die geval waarna I Korintiërs 7:11 verwys 'n egskeiding om geestelike redes op die oog het, is onoortuigend. Om so besield te wees vir die diens aan die Here dat jy jou onbekwaam vir die huwelik ag (Matt 19:12) en die weerkoms so direk aanstaande te verwag, wanneer daar nie getrou sal word nie (Luk 20:35), dat jy jou bestaande huwelik ontbind, is vergesog. 'n Mens kan nie op so 'n moontlike geval jou eksegese bou nie. Daarom moet ons die volgende sin sterk krities beskou: "*Miskien* was daar in Korinte reeds 'n vrou wat om hierdie rede (soos hierbo uiteengesit) haar man verlaat het. *Dis op so 'n geval,* dat die woorde van Paulus in I Korintiërs 7:10, 11 betrekking het."[33] (Onderstreping van skrywer). Buitendien spreek Paulus hier van versoening (v 11) wat tog "'n gewone egskeiding" veronderstel. Daarby is die uitspraak in I Korintiërs 7:11 juis eenhonderd persent in ooreenstemming met die totale Bybelse beskouing van die huwelik.

As die kerk van Bybelse gronde praat vir 'n saak bedoel hy Christelike gronde. Dit is duidelik dat daar *geen* Christelike gronde vir egskeiding is nie.

## Gebroke Wêreld

Maar wat is nou die situasie vir 'n gelowige in die gebroke wêreld van sonde wat nog inwerk in die huwelikslewe ook van gelowiges?

*1. Hartlik*

Die gelowige moet weet dat die teenoorgesteldheid van hoere en Fariseërs slegs uiterlik is. Innerlik gesien gaan die hoere die Fariseërs selfs vóór in bekering tot die koninkryk van God (Matt 21:31 e v; Luk 15:30; Joh 7:53 e v). Die Fariseërs se uiterlike selfgeregtigheid weerhou hulle inderwaarheid nie van egbreuk nie, want egbreuk kom uit die hart (Matt 5:28; 15:19).[34] In ons self is en bly ons almal dus egbrekers. Moicheuo (egbreuk) en sklerokardia (hartsverharding) gaan dus hart aan hart! In Christus is ons egter verlos-ook van egbreuk. Daarom moet ons uit dankbaarheid (die sewende gebod val onder die stuk van die dankbaarheid in die Heidelbergse Kategismus) ten koste van alles, die wil van God ook in hierdie opsig najaag (I Tess 4:3). Nie eros of seks is die Christelike huweliksfondament nie maar agape. Die geslagtelike liefde, wat sy goeie rol speel in die totstandkoming van 'n huwelik moet beheers word deur die liefde tot God (Kol 3:18v; Ef 5:22v; I Petr 2:18v.).[35]

*2. Geen Grond*

Ons moet dus, om Gods wil na te jaag, weet dat daar geen grond vir egskeiding is nie. Maar tot die dood moet ons getrou bly. Dit gaan nie om net 'n huwelik te red al gaan die egliede daardeur verlore nie[36] – of om die egliede te red al gaan 'n huwelik daardeur verlore nie. As egliede ongelowig leef in die huwelik, is dit nie die huwelik of die huweliksgenote wat opgehef moet word nie, maar die sonde! Ook Jesus was eerder bereid om te sterf en in die dood te gaan, as om die huweliksverbond van sy kant te verbreek soos die bruid (Israel) dit wel gedoen het (Matt 12:39; 16:4; Mark 8:38; Rom 7:2, 3). Eers die opgestane Heer (nuwe Man), gaan 'n nuwe huwelik (nuwe verbond) aan (Hos 2:19; Jes 54:5; Eseg 16:8; Ef 5:32; Openb 19:7).

*3. Versoen*

Die gelowige moet wanneer hy/sy deur 'n ongelowige verlaat is, tot dié se dood ongetroud bly óf tot versoening kom (I Kor 7:11). Indien 'n hertroue vanweë hartsverharding (Deut 24:1; Matt 19:8) burgerlik wel voltrek word (voor die landdros), het die kerk se weiering 'n boodskap, en die kerk se boodskap 'n bekeringsoproep. Hierdie bekering hou nie in die opheffing van die hertrou-daad nie, maar verootmoediging voor God. So 'n ondankbare daad teenoor God, wat menslik onherroepelik is en daarom onvermydelike sonde, is egter nie die onvergeeflike sonde nie (Matt 12:31, 32). So is moord ook vergeefbaar maar onherroeplik.

*4. Tug*

Die kerklike tug moet sy volle rol speel want 'n egbreuk in die kerk,

maak die hele gemeente daaraan skuldig (I Kor 5),[37] is téén die inwoning en leiding van die Heilige Gees (I Kor 6:18–20; Gal 5:16–26; Kol 3:5; Ef 5:3, 5), en 'n voorbarige versteuring van die toekomstige skepping – soos egbreuk buite die kerk ook versteuring van die eerste skepping is.[38] Die toekomstige bedeling word juis ook met 'n huweliksverhouding uitgebeeld (Matt 22:1–14; Luk 14:16–24; Openb 21:2; 22:17).

### 5. *Geen Lot*

Dit is duidelik vir Jesus en Paulus dat die huwelik nie 'n onontkombare lot is nie. Sekere groepe mense of mense in sekere omstandighede of mense met sekere oogmerke, hoef of moet selfs nie trou nie (Matt 19:12; Luk 18:29; Mark 12:25).

Ook hierom moet ons ons kinders onderwys om ernstig te besin voor hulle trou. Trou is trou tot die dood. Die beslissing is finaal.

### 6. *Geen Heilsnoodsaak*

Heilsnoodsaaklik is die huwelik dus nie (Matt 19:10; I Kor 7:7–9). dis ook nie 'n sakrament soos die Rooms Katolieke Kerk sê nie – wel 'n mustērion (= sacramentum), 'n simbool van die verhouding tussen Christus en die gemeente (Ef 5:32). Met die huweliksopvatting het dit by die vroeë Reformasie soos met die sending gegaan. Omdat die pous sending moes doen en die Reformasie die pous verwerp, het hulle logies die sending verwerp.[39] Omdat die Roomses die huwelik as sakrament sien en die Reformasie dit as sakrament verwerp, word dit as ontbindbaar beskou – en kon koning Hendrik VIII van sy vrou skei en 'n kwasie reformasie in Engeland invoer. In beide gevalle – sending en huweliksbeskouing – het ons in dier voege met 'n inkonsekwente reformasie te doen. Ons moet na die Logos (Woord van God) om te luister, en nie na die logika (van mense) om te redeneer vanaf Roomse instellings nie.

### 1. *Opvoeding*

Daar moet onthou word dat geen moontlikheid van egskeiding in die Christelike opvoedingsproses op Bybelse gronde geleer kan word nie.[40] "Wie het volk wil onderwijzen in de wet Gods, moet het niet de mogelijkheid van echtscheiding leren, maar het volstrekt-ongeoorloofde daarvan."[41]

Wie egter nie die woord kan vat om ongetroud te bly nie, moet die saak van 'n man met 'n vrou aanvaar soos Jesus dit gestel het (Matt 19:11, 10) – ook al kos dit ons die hoof soos vir Johannes die Doper (vgl. Ps 119:13 berym).

### *Heerlikheid of Begeerlikheid*

Jesus se reaksie op die tyding van sy dissipels dat Johannes onthoof is omdat hy Herodes en dié se broer Filippus se vrou Herodias, oor hulle egbreuk betug het, was om in 'n skuit alleen na 'n verlate plek te vertrek (Matt 14:1–13). Die dissipels se reaksie was om Johannes se lyk weg te neem en in 'n graf neer te lê (Mark 6:29).

Die heerlikheid van God (I Kor 10:31) word nie gedien deur ons begeerlikheid nie (Rom 7:7). Die heerlikheid van God is vir die denkbare verlosde so hoog bo die begeerlikheid van die vlees as wat die hemel bo die aarde is. Al rol koppe graf toe in die aarde, hoog daarbo styg die hartlike liefde tot God in die hemele.

REFERENCES CHAPTER "EGBREUK"


1 H G v d Westhuizen, *Vertrou op God,* HAUM, 1977.
2 F J v Zyl, *Doop- en Huwelikskategese,* HAUM, 1974, bl. 55: "Ons moet toegee dat daar huwelike is wat om ander redes as hoerery nie standhou nie, wat so ontaard dat hulle gebreek en beëindig moet word. Ook so 'n egskeiding is moontlik. Op so 'n ontbinde huwelik sou 'n tweede kon volg wat nie deur die kerk geweier hoef te word nie."
3 Vergelyk die betrokke vraag in die Ned. Herv. Kerk se sogenaamde ABC-vorm.
4 Auke Jelsma, *Gisteren vragen naar morgen,* Uitgeverij Boekencentrum B.V. 's-Gravenhage, 1977, bl. 42.
5 W R van der Zee, *Tien Klinkende Woorden,* Uitleg van de tien geboden: Exodus 20 vers 1 tot 17, Uitgeverij Boekencentrum B.V's-Gravenhage, 1977, bl. 77.
6 W R v d Zee, *a.w.,* bl. 77–8.
7 W R v d Zee, *a.w.,* bl. 78.
8 Prof H J Straus, *Christelike Afrikanermens vandag in die huisgesin,* Handhaaf, Augustus 1977, bl. 7.
9 Dr H L Pretorius, *Swartman, Seksualiteit en Sending,* N.G. Kerkboekhandel 1977, bl. 47. Decartes (1596–1650) het gesê: Cogito, ergo sum – Ek dink dus bestaan ek. Vergelyk René Descartes, *Vertoog over de Methode,* Ingeleid door Prof Dr H J Pos, Amsterdam 1950, bl. 37.
10 Dr H L Pretorius, Swartman. . ., bl. 51–62, 67.
11 Dr H L Pretorius, Swartman . . ., bl. 65.
12 Dr H L Pretorius, *a.w.,* bl. 73.
13 Vergelyk Heinrich Cornelius Agrippa von Nettesheim wat in 1509 'n geskrif geskryf het en later gepubliseer het onder die titel: *Oor die adeldom en die voortreflikheid van die vroulike sekse,* aangehaal deur Auke Jelsma, *a.w.,* bl. 41.
14 Dr A van Selms, *De Prediking van het Oude Testament,* Genesis deel I, bl. 60.
15 H G v d Westhuizen, *Vertrou op God,* Hoofstuk 2, 5– Huweliksverhouding.
16 Hauck, *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament,* (TWZ NT) Band IV, 61. 739, reël 37, en voetnoot 7.
17 Hauck, *T.W.Z.N.T.,* IV, 739, 11.
18 Stauffer, *T.W.Z.N.T.,* I, 646, 27.
Adolf Schlatter, *Der Evangelist Matthäus,* vers 19:6, bl. 571.
19 Stauffer, *T.W.Z.N.T.,* I, 648, 22.
20 A T Culwick, *Who shall inherit the Earth?* Nasionale Boekhandel Beperk, 1969, bl. 41, 57.
21 Hauck/Schulz, *T.W.Z.N.T.,* VI, 585, 12 en 586, 4.
22 Hauck/Schulz, *T.W.Z.N.T.,* VI, 585, 26, en voetnoot 38. Vergelyk Deut 23:3; Lev 21:7, 9, 14.
23 Hauck/Schulz, T.W.Z.N.T., VI, 590.
24 F J v Zyl, *a.w.,* bl. 55; Vergelyk N H Se *Christliche Ethik,* Zweite, bearbeitete Auflage, 1957, bl. 307 en voetnoot 22 aldaar.

25 Hauck/Schulz, T.W.Z.N.T., VI, 590, 5–14.
26 Stauffer, T.W.Z.N.T., I, 654, 22–24.
Hauck, T.W.Z.N.T., IV, 741, 16–21.
27 Dr H N Ridderbos, *Korte Verklaring, Mattheüs,* hfst. 19:7, 8, bl. 55/6.
28 Hauck/Schulz, T.W.Z.N.T., VI, 591, 15–20. Sjammai lê die klem op "skandelik" en Hillel op "iets" = enigiets!
29 Let op die passiewe werkwoord om die vrou se aandeel tot egbreuk in Matt 5:32 aan te dui: moicheuthenai. Tewens die man het in die huwelik altyd die aktiewe aandeel (trou) en die vrou die passiewe (in die huwelik uitgee) – vergelyk Matt 22:30; 24:38; Mark 12:25; Luk 20:34, 35.
Vergelyk Stauffer, *T.W.Z.N.T.*, I, 648, voetnoot 15 oor gamein en gamizesthai.
30 Adolf Schlatter, *a.w.*, bl. 180.
31 Dr H N Ridderbos, *a.w.*, bl. 56.
Hauck, T.W.Z.N.T., IV, 738, 22–30.
32 Hauck/Schulz, T.W.Z.N.T., VI, 580, 8.
33 F J v Zyl, *a.w.*, bl. 54.
34 Vergelyk hier die verskillende trappe van oortreding van die sewende gebod, soos deur die Heidelbergse Kategismus, Sondag 41 gestel, en deur Calvyn uitgelê in sy preek oor die sewende gebod op Dinsdag 2 Julie 1555, bv. onkuise dade, gebare (dans ook), woorde, gedagtes, kleding, onmatighede, ens. Op grond van Matt 5:28 kan ons nie sê dat omdat ons almal egbrekers is, kan ons maar egskeiding toelaat nie. Dan sou ons ook kan sê omdat ons almal moordenaars is in ons hart (Matt 15:19), kan ons maar moord pleeg! Jesus wys in Matteus 5:28 die Farisese kasuïstiek af. Buitendien redenaar 'n verlosde nie vanuit homself as sondaar nie, maar vanuit Christus.
35 Vergelyk Stauffer, T.W.Z.N.T., I, 651, 11–20.
36 F J v Zyl, *a.w.*, bl. 53.
37 Hauck/Schulz, *T.W.Z.N.T.*, VI, 593, 13.
38 Stauffer, T.W.Z.N.T., I, 649, voetnoot 21.
39 Vergelyk Dr H G v d Westhuizen, *Die Apostels het die Opdrag uitgevoer,* Die Hervormer, Februarie 1972.
40 Vergelyk Dr H G v d Westhuizen e.a., *Geloofsleer,* vraag 82, verklaring C, v en vi.
41 Dr H N Ridderbos, Korte Verklaring, *Eerste Matteus,* hfst. 5:32.